
# Werkkaart 7
## Module 7

1. Skryf sinonieme vanuit die teks "In sy dopgekruip" (p. 180, 181) vir die volgende woorde neer.

**Dwars**

5. *Skoon* water is altyd goed vir drink.
6. Hy *korrel* mooi.
7. Sjoe, kyk daai dier se *krombene*.
10. Sommige diere se *bedekking* is baie hard.
11. Dit is die diere se *woonomgewing*.
12. Dit is een van die *afgeleefde* plekke op aarde.
13. Die skilpad het haar eiers *weggesteek*.




**Af**

1. Dit *skitter* in die son.
2. Ek het dit al by *menige* kere genoem.
3. Dit is 'n *snaakse* dier.
4. *Oorsomering* is 'n interessante verskynsel.
7. Hulle het goeie *beskutting* teen storms.
8. Julle moet *wegkruip* as die leeus naderkom.
9. Leeus en luiperde is *opponente* in jag.

2. Skryf die volgende sinne oor in die indirekte rede.
   a) Die wetenskaplike sê: "Ek het my navorsing gister aan die Raad oorhandig."
   b) "Kinders doen julle navorsing baie deeglik!" beveel die onderwyser.
   c) Die skrywer het gesê: "Ons het die reptiele vandag in die natuur losgelaat."
   d) Die student vra: "Wanneer moet ons die kameelperde se kos regkry?"
   e) Die opgewonde kind het geskreeu: "Hoera, ons het die blouvinwalvis gesien!"
   f) "My kat is soos geel papawer!" het Lina Spies vrolik uitgeroep.
   g) Die katwyfie antwoord: "Ek sal oormore my voete weer botter smeer."

3. Skryf die volgende sinne oor in die direkte rede.
   a) Die meisie het van pyn geskreeu dat sy haar toon gestamp het toe sy na die reptiele gestap het.
   b) Lucas Malan vertel sy kat die vorige middag in sy huis rondgeloop het.
   c) Die kinders wil weet wanneer vertrek die bus na die dieretuin.
   d) Die diertuinopsigter het gesê dat daardie gemors voor die volgende dag opgetel moes word.

4. Voltooi die volgende sinne deur 'n gepaste antoniem vir die skuinsgedrukte woorde neer te skryf.
   a) By hul *aankoms* by die dieretuin, was almal *teenwoordig*.
   b) Aan die *begin* van die dag, was almal nog *netjies* geklee.
   c) Die waterbak is *propvol suiwer* water.
   d) Die *volwasse* dier is *tevrede* met sy *pragtige* kleintjies.
   e) Julle moet *praat* as julle *siek* voel.

**Blaai na die gedig 'Hemel" op bladsy 200.**

5. Die manier hoe jy woord in grepe uitspreek verskil van die manier hoe dit geskryf word. Verdeel die volgende in grepe soos jy dit sou uitspreek.
   a) "botterblommetjies" (versreël 2)
   b) "okkerneute: (versreël 6)
   c) "naels" (versreël 9)
6. Verdeel die volgende woorde in grepe soos jy dit aan die einde van 'n reël sal opbreek.
   a) "veertjies" (versreël 9)
   b) "stemmetjie" (versreël 11)
   c) "eiertjies" (versreël 16)

7. Kies die korrekte spelling vir die woorde tussen hakies.
   a) Die kat gee 'n klein (miaautjie; miaau'tjie).
   b) Die verhale speel op verskillende (milieu's; milieus) af.
   c) Verskeie (komitees; komitee's) is aangewys om na die reptiele om te sien.
   d) Al die (oupa's; oupas) en (pa's; paas) het verskeie (hoera's; hoeras) gegee toe hulle gehoor het hulle het gewen.
   e) (Daar's; Daars) baie (Estellee; Estelle'e) en (Marais's; Mariasse) op die toer.
   f) Die (Du Preez's; Du Preezs) en (Du Toits; Du Toit's) het ook soogdier op hul wildsplaas.
   g) Die dieretuin se (finansiële; finansiele) situasie lyk maar beroerd.
   h) Die (Laerskool; Laërskool) is op 'n uitstappie na die Reptielpark.
   i) Almal se (knieë; kniee) is stukkend geval soos hulle by die (prieel; prieël) wou uitkom.
   j) Dit is nou vir jou 'n (affere; affêre) om die (soee; sôe) se kleintjies te beskou.
   k) Onthou jou (skêr; sker) as jy 'n (vlêrmuis; vlermuis) sien.
   l) Die sjimpansee (na-aap; naaap) die kinders wat vir hom loer.
   m) Na die besige dag gaan almal (huis toe; huis toe; huis-toe).
   n) Die (A-span; A Span) se gelukbringer is 'n (kameelperd; kameelpêrd).

**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**
**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.